

13 Desember

Die oorwinning is behaal

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 15:35-58

Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 15:57

Die gemeente in Korinte het baie vrae op die hart. Hierdie vrae het daartoe aanleiding gegee dat die liefde nie sigbaar in die gemeente van die Here uitgeleef is soos dit moes nie. Daar is die vrae oor die Christelike vryheid en die offers aan die afgode. Hoe gemaak met hierdie probleem? Dan is daar ook vrae oor die opstanding van Christus en die implikasie daarvan vir die opstanding van die liggaam.

Breedvoerig verduidelik Paulus aan die gemeente dat hulle eie opstanding gekoppel is aan die opstanding en oorwinning van Christus. Hierdie onderrig aan die gemeente het ten doel om hulle hoop te gee. Op die oog af lyk dit of Satan in die tuin van Eden die oorwinning behaal het, maar Christus het hierdie skynbare oorwinning verander in 'n nederlaag, want hy het die dood oorwin. Sy kinders deel in hierdie oorwinning in die wete dat die dood nie meer die finale sê het nie. Wanneer hulle dus dood om hulle sien, kan hulle weet Hy het die angel van die dood verwyder.

Hierdie wete gee aan die gemeente hoop. Hulle staan in die vaste hoop dat hulle verseker nie die ewige dood sal sien nie. Dit is nie hoop soos ons dit sien nie. Ons hoop is gewoonlik gelaai met onsekerheid, maar hierdie hoop staan vas in die wete dat die oorwinning reeds behaal is. Die oorwinning is geskenk in Christus.

Maar hoe gaan ons nou daarmee om? Ons kan alleen dankbaar wees, God sy dank, dat Hy aan ons die oorwinning gegee het. God sy dank dat ons nie moedeloos treur by die graf nie. God sy dank dat ons verseker kan weet, ons hoop staan vas in die werk van Christus. God sy dank dat ons ook gehoorsaam dankbaar sy wil kan soek, want die oorwinning is behaal.

Sing: Psalm 66:1, 2

Ds. C Jooste (Innesdal/Eloffsdal)